REGSDIENSTE | LEGAL SERVICES

t: 012 436 0900 / e: regsdienste@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Regsdienste Nuusbrief | Legal Services Newsletter

Insig 1 van 2020 | Insight 1 of 2020

7/02/2020

# KAMPE & UITSTAPPIES | CAMPS AND EXCURSIONS

CLICK HERE FOR THE COMPLETE NEWSLETTER IN ENGLISH

Dit is ten ene male so dat die skole sektor van tyd tot tyd in die afgrond gedompel word deur insidente by kampe en tydens uitstappies en spesifiek verdrinking. Sonder om afbreuk aan die tragiek van 'n dood te doen, moet die regulatoriese raamwerk objektief ontleed word. Daar is geen twyfel dat die oorgrote meerderheid van hierdie tipe kampe of uitstappies sonder enige kontroversie verloop, maar dat daar enkeles is wat 'n mediaoorlog en 'n sosiale media stormloop kan veroorsaak.

In die nadraai is daar eindelose eensydige analises, en oningeligte raaiwerk oor oorsaak en gevolg en dit sluit in spekulasie oor strafregtelike en sivielregtelike gevolge. Een ding is absoluut algemeen, naamlik die verdagmaking en veroordeling van opvoeders en in besonder die skoolhoof.

By skoolhoofde word skielik onbegrensde wysheid en vooruitsig vereis en die toetse van die ''redelike mens'' en ''redelik voorsienbare gevolge'' word sondermeer vergeet.

Die toets vir nalatigheid van 'n persoon vra drie vrae:

i. Kon die redelike mens voorsien dat seker omstandighede kan ontstaan, of dat hul gedrag seker omstandighede kan veroorsaak?
ii. Sou die redelike mens stappe geneem het om teen die genoemde omstandighede te waak? en
iii. Het die persoon wie se nalatigheid getoets word se gedrag verskil van die van 'n redelike mens?

Indien die antwoord op al drie vrae "Ja" is, was die persoon nalatig. *(Snyman C R, Strafreg, 5de uitg, 2006).*

Hierdie toets is objektief. Maar, soos in *Hawekwa Youth Camp and Another v Byrne (* Hawekwa *Youth Camp and Another v Byrne (615/2009) [2009] ZASCA 156; [2010] 2 All SA 312 (SCA) ; 2010 (6) SA 83 (SCA) (27 November 2009)* bevind is, word daar na seker subjektiewe faktore ook gekyk. Synde nie net wat die redelike persoon sou doen nie, maar ook wat die 'redelike opvoeder' sou doen. Dit wil sê dat wanneer die redelike persoon se gedrag bepaal word, daar ook gekyk word na die redelike ervaring en kennis van 'n persoon in dieselfde situasie. Byvoorbeeld, by mediese nalatigheid word daar gekyk na die 'redelike dokter/sjirurg' en nie slegs die redelike persoon in die publiek nie.

Met betrekking tot aanspreeklikheid is die antwoorde gesetel in artikel 60 van die Skolewet, Wet 84 van 1996 ( SASA ) en in die regulasies daartoe bekend as "*Regulations for Safety Measures at Public Schools*", gepubliseer in 2001 en aangevul in 2006.

In die beoordeling van risiko by die verdrinking van 'n leerder moet mens kyk na moontlike gevolge in die:

i. *Strafreg ('n klagte van moord of strafbare manslag);*
ii. *'n Dagvaarding vir skade (deur oorlewendes en moontlik afhanklikes vir "sielkundige" nadeel /skade);*
iii. *Dissiplinêre optrede deur die werkgewer (as hy dink sy werknemer /opvoeder het reëls oortree);*
iv. *Optrede deur die professionele registrasieliggaam (SARO/SACE) waar bewys moet word dat die Opvoeder die Gedragskode oortree het.*
v. *Tussenbeidetreding van die Menseregte Kommissie (MRK).*

Artikel 60 van die SASW is duidelik. Enige eis vir skade vanweë 'n delik (of onregmatige daad), is gesetel teen die Staat (in die geval in die vorm van die Provinsiale Departement van Onderwys) en die LUR moet gesiteer word. Die Regulasies definieer 'n skool aktiwiteit en die omskrywing is wyd, synde enige opvoedkundige, kulturele, sport of sosiale aktiwiteit in te sluit. Dit sou gemaklik 'n skoolkamp insluit.

*SASW*
*60 Aanspreeklikheid van Staat*
*(1) (a) Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige deliktuele of kontraktuele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.*
*(b) Waar 'n openbare skool versekering uitgeneem het en die skoolaktiwiteit een van die gebeurlikhede is wat deur die versekeringspolis gedek word, is die Staat se aanspreeklikheid beperk in die mate dat die skade of verlies nie ingevolge die polis vergoed is nie.*
*(2) Die bepalings van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet 20 van 1957), is op 'n eis kragtens subartikel (1) van toepassing.*
*(3) Enige eis weens skade of verlies in subartikel (1) beoog moet teen die betrokke Lid van die Uitvoerende Raad ingestel word.*
*(4) Ondanks die bepalings van subartikel (1) is die Staat nie verantwoordelik vir enige skade of verlies as gevolg van enige handeling of versuim in verband met enige onderneming of besigheid wat onder die beheer van 'n openbare skool bedryf word vir doeleindes van die aanvulling van die hulpbronne van die skool soos in artikel 36 beoog nie, met inbegrip van die aanbied van praktiese opvoedkundige aktiwiteite in verband met daardie onderneming of besigheid.*
*(5) Enige regstappe teen 'n openbare skool vir enige skade of verlies in subartikel (4) beoog, of ten aansien van enige handeling of versuim in verband met sy kontraktuele verantwoordelikheid as werkgewer soos in artikel 20 (10) beoog, kan ingestel word slegs nadat skriftelike kennisgewing van die voorneme om regstappe teen die skool te doen, aan die Departementshoof vir sy of haar inligting gegee is.*

Detail is geleë in para 8 A tot F van die Regulasies
*In para 8A(2): is 'n algemene verpligting van die skool om onder andere, optrede te neem om veiligheid van leerders te verseker; toesig te reël; om ouers te reël om te help; om 'n opvoeder: leerder ratio te*

*handhaaf; en om in nood medies hulp te reël;*

*In para 8(B): Die skool moet die ouer inlig oor 'n reeks sake, wat insluit die doel van die aktiwiteit; die aard van (detail) aktiwiteite of program tydens die skool aktiwiteit; die reisplan en aard van vervoer, en ander relevante details;*

*In para 8(C): Die skool moet die toestemming van die ouer, vir die deelname van die kind, verkry, en;*

***Para 8(C)(1): Die skool mag nie die ouer versoek om 'n vrywaringsvorm te teken nie. Die beletsel is teen die (gepoogde) vrywaring van die skool (of dan die Staat) deur 'n ouer, van enige regsaksie (of eis), wat mag ontstaan as gevolg van die skool aktiwiteit.*** Daar is ook 'n redelike argument dat so 'n vrywaring gemeenregtelik onafdwingbaar (of *pronon scripto)* sal wees, vanweë die feit dat dit gewone regspleging benadeel.

*Para 8(E): Die gedeelte is belangrik. Dit bepaal verskeie sake wat die Hoof self oor moet beheer neem.*

*Para 8(E)(1)(a): Bepaal dat die Hoof nie moet toelaat dat 'n leerder aan 'n aktiwiteit deelneem wat sy gesondheid mag benadeel nie; (b) of as die ouer 'n mediese sertifikaat verskaf wat die leerder uitsluit van die aktiwiteit; en*

*In para 8(E)(2) <u>Die Hoof moet verseker dat leerders ingelig word oor die gevare en veiligheids maatreëls t.o.v. ''water''.</u>*

*In para 8(E)(3): <u>Die veiligheidsmaatreëls vir "water" geld vir swem of "watersport aktiwiteite", by 'n swembad, 'n rivier, 'n dam of by die see</u>.*

*In para 8(E)(4): <u>Die Hoof moet sorg dra dat daar oor leerders toesig gehou word tydens watersport.</u>*

## ALGEMENE OPMERKINGS EN AANBEVELINGS

Daar is geen twyfel dat hierdie tipe sake in die hof van openbare opinie heftig debatteer is nie. Die algemene opvatting is dat die skool met omsigtigheid 'n kritiese evaluering van die diensverskaffer moet doen, hetsy self of deur 'n buite deskundige.

Die diensverskaffer of venue moet detail van die infrastruktuur en hul aksieplan openbaar. Dit sou insluit 'n aanduiding van die tipe aktiwiteite en 'n "gradering" van die moeilikheidsgraad of risikofaktore daarvan; die hoeveelheid fasiliteerders en hul kwalifikasies; eerstehulp informasie en hul ware ervaring. Dit sal ook insluit 'n opsomming van veiligheidstoerusting en behendigheid in die gebruik daarvan.

Indien die venue enige vrywaringsdokumente vereis moet die inhoud verkieslik deur 'n regsgeleerde nagegaan word. Daar moet sekerheid wees oor 'n daadwerklike veiligheidsvoorlegging ("*briefing*") welke detail aandui soos risiko, wie in beheer is, hoe die aktiwiteit voltooi sal word, en watter direkte veiligheidsmaatreëls toepaslik is.

Daar moet pertinent gehandel word met wie doen wat in die geval van nood. Die skool moet sorg dat die ouer hierdie detail sien of kan sien deur bv. 'n aanlynskakel, ten einde 'n ingeligte besluit te maak oor toestemming tot bywoning en deelname.

Skoolhoofde moet alles in hulle vermoë doen om te verseker dat hulle binne die amptelike lynfunksie 'n formele papierspoor vestig, waartydens hulle verseker dat hulle ten volle hul administratiewe verantwoordelikhede nagekom het.

Hierdie administratiewe pligte sluit in die voorskrifte soos voorgeskryf deur die onderskeie Provinsiale Departemente van Onderwys se beleide ten opsigte van uitstappies en ander soortgelyke aktiwiteite.

Skoolhoofde moet ook seker maak dat daar binne hul lynfunksie ontvangserkenning verkry word, van byvoorbeeld die kringbestuurder of persoon wat gemagtig is om dit in ontvangs te neem. Daar moet aangedring word ontvangserkenning. Gaan selfs sover as om harde kopieë af te laat lewer met 'n bewys van ontvangserkenning.

